

## Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Oktober 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed

Skrifberyming 9-6:1, 5 (Sb 20)

- 1 Bo'n strandelose en donker see / van eidelose wêreldwee  
verhef die skepsel hom – / die kop hóóg-uit, om deur die nag  
te speur wanneer die gloriëdag / van al Gods kinders kom.
- 5 Maar ons ook wat die eerst'lingsvrug / uit God se Gees ontvang, ons sug;  
dit lyk so ver nog af / dat ons ons kindsdeel vol sal kry,  
dat ons van die verderf'nis vry, / sal oprys uit die graf.

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15:35-58; 1 Johannes 2:28-3:10;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 22:57

**Kernvers:** 1 Johannes 3:2-3

**Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**

(1 Johannes 3:2-3 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?**

*Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).*

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

## **Tema:** Die troos vir die gelowige om liggaamlik op te staan uit die dood

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daagliks word daar 'n ontelbare hoeveelheid grafte gegrawe. En soveel grafte as wat gegrawe word, soveel begrafnisse is daar elke dag. Die meeste van ons het ook al langs die graf van 'n eggenoot of 'n ouer of 'n kind gestaan. In daardie oomblikke wat 'n mens by die graf staan, gebeur dit dat jy jou self teen 'n grens vasstaar – 'n grens waar ons maar sukkel om verby te kyk.

Die werklikheid wat ons raaksien, is die liggaam van ons geliefde wat in 'n kis toegemaak is en dit verdwyn in die aarde in. Daar het nog nooit iemand van die anderkant af teruggekom na ons toe om te vertel hoe dit aan daardie kant van die grens is nie. Die Here laat ook nie toe dat iemand van anderkant die dood na ons toe terugkom om vir ons te vertel nie. Hy het sy Woord vir sy gelowiges gegee en met die Woord leer die Heilige Gees die gelowiges alles wat hulle nou behoort te weet oor dood en die lewe daarna.

Ja, daar is baie mense wat al sogenaamde nabydood-ervarings gehad het en wat wil vertel wat hulle alles daar gesien of beleef het. Kleurryk vertel hulle, maar baie maal is daardie vertellings so teenstrydig met wat ons in die Bybel lees dat dit eerder verwarrend as ver-troostend is om na te luister.

Dit is net hardvotige heidene wat dink dat die dood 'n streep trek onder die lewe van 'n mens en na die streep is daar net niks meer nie. Daar is niks van die mens wat meer voortgaan nie. Vir hierdie heidene is daar geen verskil tussen die dood van 'n mens en 'n dier nie – albei sterf en dit is klaar. Alle ander mense het baie vrae oor wat na die dood van 'n mens gebeur. Ook die vraagsteller het vrae oor wat gebeur met 'n mens na sy dood en daarna. In die belydenis van die gelowige het hy gehoor dat die gelowige aan die opstanding van die liggaam glo.

Vir die vraagsteller klink die belydenis van die gelowige asof 'n mens net liggaamlik uit die dood sal opstaan om weer met die lewe soos nou voort te gaan. Hy weet van mense in die Ou en Nuwe Testament wat uit die dood opgewek is en hulle het maar net met hulle lewe voortgegaan. Jaïrus se dogtertjie is uit die dood opgewek om verder groot te word. Die weduwee van Naïn se seun is uit die dood opgewek sodat hy sy bejaarde moeder kon versorg. Lasarus het uit die graf uitgekom om verder saam met sy twee susters te lewe.

Die vraagsteller dink nie dat dit so wonderlik is om maar net weer met hierdie lewe aan te gaan as jy uit die dood opgestaan het nie. Kyk net na al die swaarkry en ellende waarmee 'n mens hier op aarde te doen het. Ja, dit is seker vir 'n mens se geliefdes aangenaam om iemand uit die dood terug te ontvang, soos wat dit vir Jaïrus, die weduwee van Naïn en Lasarus se twee susters aangenaam was. Maar afgesien daarvan sal die liggaamlike opstanding uit die dood mos net beteken dat 'n mens verder gaan sukkel met al die moeilikhede van hierdie wêreld.

En wat vir die vraagsteller die belydenis van die gelowige nog meer onverklaarbaar maak, is die feit dat die gelowige met soveel vreugde en blydschap bely dat hy aan die opstanding van die liggaam glo. Daarom vra hy vir die gelowige: **Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?** Hy kon die vraag net sowel anders gestel het: *Waarom is jy so opgewonde oor die opstanding van die liggaam?*

Let nou op na die antwoord wat die gelowige hierop gee. Die opstanding van die liggaam is vir die gelowige troosryk omdat dit nie net sy siel is wat na sy dood verder leef by die Here Jesus Christus in die hemel nie. Daar gaan 'n tydstop aanbreek dat hierdie selfde

liggaam van hom deur die krag van Christus opgewek sal word om met sy siel te verenig. En die heel beste van alles is dat sy liggaam dan aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

Die vraagsteller begryp nie heeltemal wat die gelowige presies bedoel as hy sê dat sy liggaam gelykvormig aan die heerlike liggaam van Christus sal word nie. Om die vraagsteller tot begrip van hierdie belydenis te bring, gaan die gelowige hom stelselmatig deur die antwoord neem om uiteindelik te kom by wat werklik troosryk is aangaande die opstanding van die liggaam.

Broers, susters en kinders, die dood is beslis nie iets wat die Here van die begin af vir sy mense bedoel het nie. Dit was die Here se wil dat die mens deur sy gehoorsaamheid aan die Here uiteindelik by die ewige lewe sou uitkom. Maar die mens wat die Here geskep het, was nie 'n robot nie. Die Here wou hê dat die mens van sy kant af die Here gewillig sou liefhê en gehoorsaam. Daarom was die eerste twee mense met 'n vrye wil geskep – hulle kon vir God of teen God kies. En die wyse waarop hulle teen God kon kies was om te eet van die vrugte aan die boom waarvan die Here hulle verbied het.

Die Here het die mens egter gewaarsku. Die dag as hy van die verbode boom se vrugte eet, sal hy sterf. Dood was nie die Here se wil vir die mens nie, maar dit was die Here straf op die sonde. En dit is as gevolg van die eerste twee mense se ongehoorsaamheid aan die Here dat die dood toegang in die goeie skepping van God gekry het. Met die eet van die verbode boom se vrugte het die mens en sy vrou onmiddellik geestelik gesterf. Hulle verhouding met God was aan't skerwe en hulle verhouding met mekaar was nie meer die-selfde nie, want die beeld van God wat in hulle geskape was, was nou stukkend. Geleidelik het hulle begin verouder en uiteindelik het hulle ook liggaamlik gesterf.

Die vraagsteller begryp hierdie dinge so ver, daarom sê hy: Maar gelowige, jy het mos al vir my vertel dat Jesus Christus as jou Verlosser gekom het om hierdie straf op die sonde wat oor jou kop gehang het op Hom te neem. Dit is waar. Jesus Christus het die straf op die sonde in my plek gedra en my ook van die oordeel van God bevry. Daarom sal jy ook onthou dat ons al oor die dood van gelowiges gepraat het. Dit was by ons gesprekke by Sondag 16. In daardie gesprekke het dit duidelik geword dat die gevolge van die sonde nog voortduur, daarom sterf gelowiges ook nog. Maar hulle dood is nie meer 'n betaling vir hulle sonde nie. Die gelowige se dood maak 'n einde aan die sonde, want 'n gelowige wat gesterf het, kan nie meer sonde doen nie. Verder is die dood vir die gelowige ook 'n deurgang tot die ewige lewe.

En dit is by hierdie laaste woorde wat die antwoord op vraag 57 aansluit. Die oomblik wanneer 'n gelowige sterf, word sy siel tot Christus opgeneem. Jesus het immers belowe dat Hy vir die mense vir wie Hy aan die kruis gesterf het plek in sy Vader se woning voorberei. En wanneer Hy die plek klaar voorberei het, kom Hy om die gelowiges te kom haal sodat hulle by Hom in sy heerlijkheid kan wees. Dit is waar elke gelowige wat hier gesterf het nou is. Hulle is by die Here en hulle sien nou al die heerlijkheid van Christus en sy Vader. Daar bly die mense wat in die Here gesterf het totdat Christus as Regter terugkom na hierdie wêreld.

Christus het egter nie net die gelowiges se siele van die ewige dood verlos nie. Die gelowige behoort immers met liggaam en siel aan Jesus Christus omdat Hy die gelowiges se siele sowel as hulle liggame van die ewige dood verlos het. Daarom getuig Paulus dat die op-standing van die gelowiges sal plaasvind op die dag van Christus se wederkoms.

Dit is dieselfde liggaam wat die gelowige nou het wat op daardie dag uit die dood opgewek sal word. Hoekom kan gelowiges so oortuigend bely dat hulle met dieselfde liggame wat hulle nou het opgewek sal word? Omdat Jesus Christus met sy selfde liggaam wat aan die kruis gesterf het uit die dood opgewek is deur sy Vader. Hy het immers vir Tomas die merke in sy hande gewys waardeur die spykers geslaan was. Die gelowiges sal met dieselfde liggame opgewek word, maar hulle liggame sal tog anders wees. En dit is oor hierdie anders wees van die gelowiges se liggame wat Johannes sê: **dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie.**

Met hierdie woorde sê Johannes twee dinge. Eerstens, wanneer hy direk hierna sê dat gelowiges gelyk aan Jesus sal wees wanneer Hy verskyn, beteken dit dat hulle nie nou gelyk aan Jesus is nie. Tans het gelowiges nog 'n sondige geaardheid en hulle is nog geneig tot sonde. Dus beteken *gelyk aan Jesus* dat gelowiges ook nie meer 'n sondige geaardheid sal hê by die wederkoms van Jesus nie.

Tweedens, erken Johannes dat die volheid van die gelowiges se toekomstige staat van verheerliking nog nie bekend gemaak is nie. Dit is nog nie duidelik wat dit alles gaan beteken om gelyk aan Jesus te wees wanneer Hy verskyn nie. Wanneer Paulus ook oor die op-standingsliggaam van die gelowige skryf, kan hy maar net vergelykings maak om iets van die heerlijkheid te vertel waaraan die gelowiges deel gaan hê. Die liggaam van die gelowige wat begrawe word by sy dood is nog verganklik en swak. Maar by sy opstanding sal sy liggaam onverganklik wees en in krag.

Johannes skryf verder dat die gelowiges aan Jesus gelyk sal wees wanneer Hy verskyn omdat hulle Hom sal sien soos Hy is. In daardie oomblik wat die gelowiges Jesus sien, sal hulle wat opgewek is en hulle wat nog by die wederkoms lewe heeltemal heilig word in liggaam, siel en gees. Natuurlik geld dit net vir die gelowiges. Die ongelowiges sal op die dag van die wederkoms ook vir Jesus sien soos wat Hy is, maar hulle sal uit vrees vir sy heiligheid en heerlijkheid wegstrem en uitroep dat die berge op hulle moet val en die heuwels hulle moet bedek.

Alhoewel dit nog nie ten volle geopenbaar is in watter opsigte die gelowiges se liggame gelyk gaan word aan die heerlike liggaam van Christus nie, kan die gelowiges al hierdie belofte ten volle aanvaar – hulle sal gelyk wees aan Jesus wanneer Hy verskyn. Wat wel hieruit al duidelik is, is dat die gelowiges dan glad nie weer sal kan sonde doen nie. Dit is iets wat tans nog heeltemal onbegryplik vir 'n mens is, want sonde is nog so deel van ons wese. Daarby sal gelowiges ook nooit weer siektes en gebreke hê nie. Al hierdie dinge van vroeër het dan verdwyn.

Oor hierdie oortuiging van die gelowige frons die vraagsteller. Hy kan nie glo wat hy hoor nie. Ander mense sal sê dat die gelowige maar net spekuleer en raai hoe dit sal wees wanneer Jesus terugkom. Nog niemand het mos teruggekom van anderkant die dood om te vertel nie. Nee, sê die gelowige. Hierdie is nie maar net 'n geraai of 'n voorspelling nie. Johannes skryf in opdrag van die Heilige Gees **ons weet** (1 Joh 3:2). Hierdie vernuwing en verandering van die gelowiges by die wederkoms van Christus is beslis, want dit berus op die beloftes van God en die getuienis van Jesus Christus self.

Hierdie totale vernuwing van die gelowiges sal in 'n oogwink gebeur wanneer Christus verskyn. Die verganklike en sterflike liggaam sal met onverganklikheid en onsterflikheid beklee word. En die gelowiges sal geheel en al van sonde bevry wees. Dit is hieroor wat die gelowige met soveel blydschap kan praat oor die opstanding van die liggaam in sy belydenis.

Die vraagsteller verstaan nou hoekom die gelowige met soveel blydskap oor die opstanding van die liggaam kan praat. Maar is dit nou net iets wat daar in die toekoms lê waarna die gelowiges uitsien of het dit nou al 'n uitwerking op hulle lewens?

Op hierdie gewonder van die vraagsteller wys die gelowige op die woorde in vers 3:

**En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**

(1 Johannes 3:3 AFR53)

Omdat die gelowige verseker weet dat sy liggaam deur die krag van Christus opgewek sal word op die laaste dag en hy gelykvormig gaan word aan die heerlike liggaam van Christus, reinig hy homself nou al soos wat Christus rein is. Die gelowige wat werklik glo dat hy nou 'n kind van God is en weet dat hy gelyk aan Christus gaan word wanneer Hy verskyn, maak die woorde van vers 3 praktyk in sy lewe. Hy bekeer hom daaglik van sy sonde en vra die Here om vergifnis vir sy sonde. Daarby smee hy die Heilige Gees om hom te versterk sodat hy teen die aanslae van die die duiwel, die wêreld en sy sondige natuur staande kan bly en stadig maar seker die oorwinning oor die sonde kan behaal.

Die opstanding van die liggaam is inderdaad vir die ware gelowiges 'n troos. En die troos is dat gelowiges net so sondeloos en onverganklik soos hulle Verlosser Jesus Christus sal wees wanneer Hy verskyn. In 'n oogwink sal dit gebeur. Nooit weer sal 'n mens dan meer hoef te sukkel om die sonde te oorwin nie. Wanneer die gelowige gelykvormig geword het aan die heerlike liggaam van Christus sal hy nooit weer sonde kan doen nie. En omdat hierdie vooruitsig vir die gelowige 'n besliste sekerheid is, strewende hy daaglik na 'n lewe wat die beeld van Christus weerspieël.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1, 7 (Sb 24)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
  
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
15 Oktober 2017